

PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES**PROCLAMATION NO. 21 OF 2019**

by the

PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**COMMISSION OF INQUIRY INTO ALLEGATIONS OF IMPROPRIETY
REGARDING THE PUBLIC INVESTMENT CORPORATION**

Under the powers vested in me by section 1 of the Commissions Act, 1947 (Act No. 8 of 1947) I hereby, with effect from 15 April 2019, amend the terms of reference of the Commission of Inquiry into allegation of impropriety regarding the Public Investment Corporation (PIC) established under Proclamation No. 30 published in the Government Gazette No. 41979 of 17 October 2018 as indicated in the accompanying Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at
CAPE TOWN on this the 19 day of MARCH Two Thousand and
Nineteen.

**PRESIDENT****MINISTER OF THE CABINET**

SCHEDULE**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from the existing terms of reference.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing terms of reference.

Definition

1. In this Proclamation "Terms of Reference" means the terms of reference Commission of Inquiry into allegations of impropriety regarding the Public Investment Corporation (PIC) under Proclamation No. 30 of 2018 published in the Government Gazette No. 41979 of 17 October 2018.

Amendment of the Terms of Reference

2. Paragraph 1 of the terms of reference is amended by the insertion of clause 1.17 as indicated below after clause 1.16:

"1.17 Whether the PIC has given effect to its clients' mandates as required by the Financial Advisory and Intermediary Services Act, 2002 (Act No. 37 of 2002) and any applicable legislation".

3. Paragraph 3 of the Terms of Reference is hereby amended as indicated below:

"3. The Commission must submit-

3.1. an interim report to the President by not later than 15 February 2019; and

3.2. a final report by not later than [15 April 2019] 31 July 2019."

4. The amendments to the Terms of Reference published under this Proclamation shall come into operation on 15 April 2019.

PROKLAMASIE NO. 21 VAN 2019

deur die

President van die Republiek van Suid-Afrika**KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA BEWERINGS VAN ONBEHOORLIKHEID
RAKENDE DIE "PUBLIC INVESTMENT CORPORATION"**

Kragtens die bevoegdheid my verleen ingevolge artikel 1 van die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), wysig ek hierby, met ingang van 15 April 2019, die opdrag van die Kommissie van Ondersoek Na Bewerings Van Onbehoorlikheid Rakende die "Public Investment Corporation" (PIC), aangestel kragtens Proklamasie No. 30, gepubliseer in Staatskoerant No. 41979 van 17 Oktober 2018, soos in die meegaande Bylae aangetoon.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te _____
op hede die _____ dag van _____ Tweeduisend-en-Negentien.

President**Minister van die Kabinet**

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vetdruk in vierkantige hake dui weglatings uit die bestaande opdrag aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in die bestaande opdrag aan.

Omskrywing

1. In hierdie Proklamasie beteken “Opdrag” die opdrag van die Kommissie van Ondersoek Na Bewerings Van Onbehoorlikheid Rakende die “Public Investment Corporation” (PIC), aangestel kragtens Proklamasie No. 30 van 2018, gepubliseer in Staatskoerant No. 41979 van 17 Oktober 2018.

Wysiging van die Opdrag

2. Paragraaf 1 van die Opdrag word hierby gewysig deur die invoeging van klousule 1.17, soos hieronder aangedui, na klousule 1.16:

“1.17 Of die PIC uitvoering gegee het aan die mandate van sy kliënte soos vereis deur die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002) en enige toepaslike wetgewing”.

3. Paragraaf 3 van die Opdrag word hierby gewysig soos hieronder aangedui:

“3. Die Kommissie moet die volgende voorlê-

3.1. 'n tussentydse verslag aan die President teen nie later as 15 Februarie 2019 nie; en

3.2. 'n finale verslag teen nie later as [15 April 2019] 31 Julie 2019 nie.”

4. Die wysigings aan die Opdrag gepubliseer kragtens hierdie Proklamasie tree op 15 April 2019 in werking.